

**Maandag 27 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 100:1-5**

**Fokusgedeelte: Psalm 100:1-5**

### **Lofprysing**

In hierdie psalm sien ons veral die gelowiges wat die Here se aangesig opsoek in die erediens. Ons kry die indruk van sy teenwoordigheid tussen mense wat in sy Naam vergader. Dit laat die geloofsrykdom bruis uit die siele van hulle wat almal oproep om God te prys: *“Juig, al wat leef, juig voor die HEER! Dien God met blydschap, gee Hom eer ...”*

God het ons met Hom versoen deur Jesus se offer, nou kan ons met blydschap ons offers bring. Ons word opgeroep om nader te kom voor sy aangesig en Hom te prys met ‘n lofgedig! Ons word opgeroep om te erken: *“Die HEER is God ...”* Hy het ons gemaak, en ons is syne. Ons bestaan en wat ons is, is vrug van sy goddelike vermoë. In sy genade het Hy ons verkies en sal Hy ons nooit loslaat nie. Hy het ons vir Hom bymekaargebring, *“n volk om Hom te dien en vrees en skape van sy wei te wees”*.

Daarom kan ons die aangesig van die Here opsoek deur erediens toe te gaan. Ons mag saam daar wees as uitverkore verbondskinders en gehoor gee aan die oproep, *“verhef sy lof en prys sy Naam”*.

Ons het as gelowiges die plig en voorreg om die Here te dank en sy Naam te prys, want soos in sy huis, het ons nog net liefde en die goeie van Hom ontvang en sy trou ondervind. Alle geslagte, ook die wat nog kom, sal van sy goedheid, goedertierenheid en trou getuies wees.

*Sing: Psalm 100-1:1-4*

*Dagstukkies Almanak 2007*